# 20. KERKREGTELIK
# 20. CHURCH POLITY

## 20.1 RAPPORT DEPUTATE REGSAANGELEENTHEDE

## 20.1 REPORT DEPUTIES LEGAL AFFAIRS

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>Acta 2003:454-458. Acta 2009:361. Acta 2012:260. Acta 2015:275. | **1. Mandate**<br>Acta 2003:454-458. Acta 2009:361. Acta 2012:260. Acta 2015:275. |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 *Aard van die werksaamhede van die Deputate vir Regsaangeleenthede* | 2.1 *Nature of work of the Deputies Legal Affairs* |
| 2.1.1 Verskeie kerke en kerklike instansies waaronder plaaslike kerke, Deputate-groepe, die Administratiewe Buro en die Kuratorium het die Deputate om regsadvies genader. | 2.1.1 Different churches and church institutions among which local churches, Deputy groups, the Administrative Bureau and the Curatorium approached the Deputies for legal advice. |
| 2.1.2 Hieronder word die belangrikste sake aangedui waaroor advies of leiding gevra is, en waarmee die Deputate hulle ter uitvoering van hul opdragte besig gehou het. | 2.1.2 The most important matters, on which advice or guidance were sought and with which the Deputies were occupied in the execution of their mandate, are detailed below. |
| 2.1.3 Die aard van die werksaamhede van die Deputate is soms sodanig dat advies telefonies en/of mondelings gegee moet word, insover dit moontlik is. Die Deputate het verskeie kere vergader om aan meer ingewikkelde of belangrike sake en versoeke aandag te gee. | 2.1.3 The nature of the work of the Deputies sometimes requires giving advice telephonically and/or orally, as far as possible. The Deputies met several times to address more complex or important matters and requests. |
| 2.1.4 Wat betref die werksaamhede van die Deputate moet daarop gewys word dat die termyn hoofsaaklik in beslag geneem is deur die saak oor die vestiging van 'n leerstoel wat vanuit die Pentekostalisme aan die Fakulteit Teologie navorsing doen. | 2.1.4 Regarding the work of the Deputies, it should be pointed out that the term predominantly centred on the establishment of a Pentecostalism professorship for research at the Faculty of Theology. |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decide on** |
| 3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir Regsaangeleenthede met die opdrag om kerke, kerklike vergaderings, Deputate, die Kuratore en instansies waaronder die Administratiewe Buro in dringende aangeleenthede en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien, en/of te help om regsadvies te verkry. | 3.1 The Synod is to appoint Deputies Legal Affairs with the mandate to provide legal advice and/or assist in obtaining legal advice to churches, church assemblies, Deputies, the Curators and institutions such as the Administrative Bureau on urgent matters and necessary cases. |

*Rapporteur:* Prof J Smit

*Reporter:* Prof J Smit